

Postmodernisme, Foucault se siening oor identiteit en die implikasies daarvan vir letterkunde-onderrig in die tweedetaal klaskamer

M M Nieman

University of South Africa

ABSTRACT

In this article Foucault's points of view on identity are discussed with reference to the Self and the Other, knowledge and power, rationality and normality, historicity, discourse, discipline and punishment and sexuality. It is indicated how these concepts relate to postmodernism. The implications of Foucault's point of view and postmodernism for the teaching of literature are contemplated.

1 INLEIDING

In die huidige postmoderne era (waarin daar herbesin word oor die *beredenering*, objektiwiteit, universaliteit, meesternarratiewe en meetbaarheid wat kenmerkend is van die moderne paradigma) is daar volgens Sarup (1996:97) 'n geweldige preokkupasie met identiteit en met persoonlike en kollektiewe 'roots'. Pederson (2000:425) verwys na Bauman (1995) wat meen dat dit tans baie maklik geword het om 'n identiteit sorgvuldig uit te soek, terwyl dit byna onmoontlik raak om

aan 'n identiteit vas te klou. Bauman sien dus 'n fundamentele verskil tussen die moderne en postmoderne vorm van identiteit: modernistiese mense soek 'n stabiele identiteit, terwyl postmoderne mense verkies om hul moontlikhede, en dus ook hul identiteite, oop te hou. Omdat identiteit 'n sosiale konstruk is wat gevorm word deur 'n mens se verhouding met andere en met institusies en praktyke (Sarup 1996:11; 13) is die hele kwessie van *identiteit* in Suid-Afrika met sy multi-kulturele samelewing en apartheidserfenis baie gekompliseerd. Sarup (1996:1) se woorde: 'Identity can be displaced; it can be hybrid or multiple. It can be constituted through community: family, region, the nationstate' en 'Identities, our own and those of others, are fragmented, full of contradictions and ambiguities' (Sarup 1996:14) gee dan ook 'n aanduiding van die wag-'n-bietjie-bos waarin 'n mens vasgryp as jy identiteit probeer begrond.

In Suid-Afrika, waar identiteit, as gevolg van die apartheidstelsel, tot onlangs nog grootliks bepaal is deur Self-Ander-verhoudings soos sentrum:marge, blank:nieblank en oorheersing:onderdrukking, is identiteit nie meer vir almal so klinkklaar soos voorheen nie. In die nuwe Suid-Afrika het hierdie Self:Ander-verhoudings immers aansienlik verander. 'Waarhede' en kennis wat voorheen vasgestaan het en waaraan mense onwrikbaar geglo het, het skielik relatief geword. Binne die kader van die postmodernisme word toenemend ervaar dat daar nie meer 'n absolute, universele waarheid en net een geskiedenis is nie, maar wel verskillende waarhede en geskiednisse wat opgesluit lê in mense se 'stories' oor hulle ervarings en hul gevoelens oor hul lewens binne 'n bepaalde konteks. Wat moeilik is om te aanvaar, is dat 'n mens se eie waarhede en kennis nie dié waarheid en kennis van alle tye is nie en jy dan as gevolg van 'n nuwe perspektief op en 'n gewysigde verhouding met die Ander, 'n paar onaangename en dikwels verwarrende feite oor jou eie identiteit in die gesig moet staar.

Dit blyk ook dat die Ander 'n belangrike rol speel in die vorming van die Self se identiteit. McNay (1994:47) sê in hierdie verband dat alle kulturele identiteit onafskeidbaar van sy grense is, omdat dit altyd opgebou is rondom die 'figures of its territorial edge'. Die ervaring van alteriteit is dus altyd implisiet in die strategieë waardeur dominerend

in stand gehou word: 'The issue of otherness lies not in the aesthetic realm, but at the heart of the process through which the marks of difference – sexual, racial, cultural – are routinely turned into signs of inferiority and the way in which cultural hegemony is maintained by setting the valoris ed culture over the other' (McNay 1994:47).

Michel Foucault bied 'n besondere perspektief op identiteit en die Ander – soveel so dat Edward Said opgemerk het dat die 'sentiment of otherness' die hart van Foucault se werk gevorm het (McNay 1994:13). Foucault het veral probeer om deur sy kritiek op die rasionalisme 'n raamwerk te skep waarin die Ander deurdink kan word (McNay 1994:49). Gauntlet (1998:1) verduidelik dat Foucault gepropageer het dat 'n mens se identiteit aan ander mense gekommunikeer word deur middel van jou interaksies met hulle en dat identiteit nie 'n vaste gegewe is nie, maar wel 'n verskuiwende, tydelike konstruksie. Foucault belig identiteit egter nie net vanuit die Ander-perspektief nie. Soos in afdeling 2 aangetoon sal word, skryf hy ook oor die verband tussen mag, seksualiteit, historisiteit, dissipline, diskoers en identiteit.

2 FOUCAULT SE SIENING VAN IDENTITEIT

Sowel Lindgren (2000:296) as Sarup (1996:74) wys daarop dat die klem in Foucault se werk verskeie kere verander het. Aanvanklik lyk dit asof Foucault meen dat identiteit gevorm word deur institusies en institusionele praktyke. Daarna beklemtoon hy diskoers en diskursiewe praktyke. Later het hy weer van koers verander en begin om die rol van dissipline en die uitwerking daarvan op die liggaam te beklemtoon (Sarup 1996:74).

Een van die probleme van Foucault se teorie oor identiteit is, volgens Sarup (1996:74), dat dit te deterministies is. Hierdie determinisme blyk uit die feit dat Foucault glad nie verwys na die menslike subjek se interpretasie van gebeure of die konstruksie van 'n aanneemlike, voortdurend veranderende narratief en die invloed wat dit op sy of haar identiteit kan hê nie. Sy teorie slaag gevolglik nie daarin om 'n uitspraak te lewer oor identiteit *soos wat die mens dit ervaar* nie (Sarup 1996:74).

2.1 Die rol van die Self en die Ander in die vorming van identiteit

Sarup (1996:68) meen dat post-strukturaliste soos Foucault en Lyotard hoofsaaklik probeer om *sonderlingheid* ('singularity'), die teenoorge-stelde van *universaliteit*, te isoleer en te beklemtoon. Hierdie soeke na sonderlingheid, sê Sarup (1996:68), hou duidelik verband met 'n poging deur Foucault om 'n vorm van kennis daar te stel wat die Ander respekteer sonder om dit in die Self op te neem. Foucault het egter later sy siening heroorweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat die geskiedenis van die Self en die Ander mekaar noodwendig impliseer: die Ander is dus altyd ook binne die Self (Sarup 1996:71).

Foucault het veral gefokus op gemarginaliseerde groepe wat vanweë hul andersheid van politieke mag uitgesluit word. Kranksinniges, gevangenes, vrouens, nieblankes en homoseksuele vorm deel van hierdie groepe (Sim 2001:6; 181). In sy werke *Mental illness and psychology* en *Madness and civilization* het Foucault volgens Sarup (1996:74-5) probeer aantoon dat mense deur die uitsluiting en marginalisering van andere indirek probeer het om hulself te identifiseer. Die beginsel van uitsluiting en verwerping van die armes, die werkloses, gevangenes en geestelik versteurdes wat in *Madness and civilization* (Foucault 1971:39) geïllustreer word, lei daartoe dat die rede (*reason*) en on-rede (*unreason*) teenoor mekaar gestel word. Dit is in wese die teenoormekaarstelling van die Self en die Ander. In die proses word die diskoerse en ervarings van die Ander verkleineer ten einde die eie identiteit in stand te hou en beter te definieer. (Die apartheidsgeskiedenis van Suid-Afrika is 'n voorbeeld hiervan.) Met die totstandkoming van die inrigting vir sielsiekes (vgl. Foucault 1971:241-278) het die gesag wat die normale oor die abnormale kan uitoefen noodwendig op die voorgrond getree: 'The space reserved by society for insanity would now be haunted by those who were "from the other side" and who represented both the prestige of the authority that confines and the rigor of the reason that judges.'

Die onderskeid tussen normaal en abnormaal hou volgens Sarup (1996:47) belangrike implikasies in vir identiteitsvorming. Volgens hom hou identiteit altyd verband met dit wat 'n mens nie is nie – die Ander. Dat jy nie is wat die Ander is nie, is dus uiters belangrik om jouself te identifiseer. Hierdie siening word herhaaldelik in *Madness and civilization* (1971) aangetref.

2.2 Kennis, mag en identiteit

Mag is 'n tema wat dwarsdeur Foucault se werk aangetref word. Hy sê egter in een van sy latere werke *The subject and power* dat dit nie mag is nie, maar wel die subjek wat die algemene tema van sy werk vorm. Mag speel egter 'n belangrike rol in die vorming van die subjek (Foucault 1982:209). Foucault was veral geïnteresseerd in hoe magsverhoudinge van ongelykheid en onderdrukking op 'n subtiele wyse geskep en in stand gehou word deur oënskynlik humanistiese sosiale praktyke (McNay 1994:2). Sim (2001:245) sê dat Foucault voortdurend na die verhouding tussen kennis en mag teruggekeer het, en dat hierdie twee begrippe vir hom basies een en dieselfde ding was. Volgens Fillingham (1993:5) het Foucault as't ware met die uitdrukking *Kennis is mag* begin. Buiten die verband tussen kennis en mag, skryf hy ook oor hoe mag op mense inwerk. Hy verduidelik dat mense se opstand teen persone in magsposisies (bv. mans oor vrouens, ouers oor kinders en psigiaters oor geestelik versteurdes) ook as 'n vorm van mag beskou kan word. Dit is dan ook hierdie tipe mag wat volgens Foucault (1982:212) van individue *subjekte* maak:

This form of power applies itself to immediate everyday life which categorizes the individual, marks him by his own individuality, attaches him to his own identity, imposes a law of truth on him which he must recognize and which others have to recognize in him. It is a form of power which makes individuals subjects. There are two meanings of the word subject: subject to someone else by control and dependence, and tied to his own identity by a conscience or self knowledge.

Mag en opstand teen mag is dus vir Foucault belangrike bepalers van 'n eie identiteit, soveel so dat Sarup (1996:69) sê dat die individu met sy of haar identiteit en karaktereienskappe volgens Foucault die produk is van 'n verhouding van magte wat oor die liggaam uitgeoefen word.

Dit is vir Fillingham (1993:43) opvallend dat Foucault nooit in sy werke besin oor hoe die prosesse van sosiale beheer wat hy beskryf, verband hou met geslag nie. Dit is vreemd – veral as in ag geneem word dat geestelike versteurdheid teen die helfte van die negentiende eeu hoofsaaklik met vrouens geassosieer is (Fillingham 1993:43). Geestelike versteurheid het dus deel van vroulike identiteit geword.

Die marginalisering van kranksinniges en die beskouing van hulle as die Ander, kan na meer as net feministiese identiteit deurgetrek word. Marginalisering, wat beteken het dat alles wat nie blank, manlik, religieus of heteroseksueel is nie, as die Ander beskou is en na die periferie van die Sentrum geskuif is, is immers 'n sosiale konstruk waarmee die mens baie lank moes saamleef. Omdat identiteit 'n sosiale konstruk is, het hierdie magsuitoefening, uitsluiting en onderdrukking in 'n groot mate die vorming van identiteit bepaal. Nou dat die marge begin weerstand bied en die Sentrum begin binnedring, het dit weer eens implikasies vir identiteitsvorming.

In *Politics and reason* beskou Foucault moderne mag as 'n krag wat tegelykertyd individualiserend en totaliserend is. Daar word op die individu en sy welstand gefokus (individualiserend), maar daardeur word die individu verder ingetrek in die normaliserende strukture wat die samelewing onderlê (totaliserend). Hierdie tipe mag wat as 'government of individualisation' beskou kan word, kategoriseer, volgens Foucault, die individu, merk sy individualiteit, verbind hom aan sy identiteit en lê 'n wet van waarheid, wat hy self moet herken en wat andere in hom moet herken, aan hom op (McNay 1993:122). Foucault is egter van mening dat daar in die moderne lewe weerstand gebied moet word teen hierdie 'government of individualization'. Dit is nodig om vorme van indentiteit wat aan die dubbele band van

individualiserende en totaliserende kragte van moderne magstrukture ontsnap, te eksplorieer. Die doel van so 'n eksplorasië moet, volgens Foucault, nie wees om te ontdek wie ons is nie, maar juis om te ontdek wie ons nie is nie (McNay 1994:123).

2.3 Rasionaliteit, normaliteit en identiteit

In *Madness and civilization* kritiseer Foucault, volgens McNay (1994:37), veral die vorme van rasionaliteit wat kenmerkend was van die Verligting en wat die basis van moderne Westerse denke vorm. Rasionaliteit, wat aanspraak maak op universaliteit, lei, volgens Foucault, tot hiërargiese magsverhoudings wat berus op die kleinering van die Ander. Hierdie siening het 'n heftige debat tussen Foucault en Derrida ontketen. By gebrek aan spasie om die debat in meer besonderhede te bespreek (sien McNay 1994:31-7), word hier volstaan met die onderstaande redelik lang, maar verduidelikende aanhaling uit McNay (1994:37):

It is possible to concede the force of Derrida's methodological comments and acknowledge Foucault's tendency to overstate the dominatory logic inherent in Enlightenment rationality, on the one hand; at the same time it is difficult to demur from Foucault's central point that the imposition of a rationality with claims to universal status necessarily involves the institution of hierarchical power relations based on the derogation of an "other". The strength of the feminist critique of rationality as a masculinist construct revolves around precisely such an argument. A masculinist cultural hegemony is maintained through a process which involves the constantly practised differentiation of itself from what it believes it is not – the feminine. And in Said's words, "this differentiation is frequently performed by setting the valorized culture over the Other".

Magsverhoudinge hou dus bepaalde implikasies vir die vorming van identiteit in. Die party wat oor mag beskik, kan daardie mag aanwend om ander uit te sluit en om homself te identifiseer op grond van die feit dat hy nie tot 'n bepaalde magarme of maglose groep behoort nie.

2.4 Historisiteit en identiteit

In *The order of things* maak Foucault volgens die argeologiese metode 'n studie van die ontwikkeling van moderne denke sedert die laat sewentiende eeu (McNay 1994:53). Volgens Foucault (1972:130) poog die argeologiese metode om op grond van argiefontledings die waardes en oortuigings van 'n samelewing op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis te beskryf. Hy verduidelik: 'After all it may be that archaeology is doing nothing more than playing the role of an instrument that makes it possible to articulate, in a less imprecise way than in the past, the analysis of social formations and epistemological descriptions ...' (Foucault 1972:208). Om die leemtes van die argeologiese metode te oorkom, het Foucault later oorgeskakel na die genealogiese metode. Alhoewel hy nie die argeologiese metode heeltemal verwerp het nie, het hy duidelik die genealogiese metode voorop gestel. Hy beskryf hierdie metode soos volg: 'Let us give the term *genealogy* to the union of erudite knowledge and local memories which allows us to establish a historical knowledge of struggles and to make use of this knowledge tactically today' (Foucault 1994:42).

Volgens Lindgren (2000:298) wys Foucault uit dat tradisionele geskiedenis se bestudering van groot morele waarhede 'n dwaalspoor is. Kennis is volgens Foucault kontekstueel gebonde in geskiedenis en kultuur – dit is nie universeel nie. Die mens se plek en betekenis in die geskiedenis is ook nie so kritiek soos wat die humaniste wil voorgee nie: 'The fact is, Foucault concludes, that man is a recent "invention" – an "invention" that in a future episteme could well "be erased like a face drawn in the sand at the edge of the sea"' (Lindgren 2000:298). Fillingham (1993:103) wys uit dat Foucault groot morele waarhede uit die geskiedenis as 'n dwaalspoor beskou het: 'everything is subject to history's disintegrating gaze. There are no absolutes.'

Die tradisionele geskiedenis vier dus volgens Foucault verkeerdelik groot oomblikke en behoort nie die self-reflekerende subjek in die sentrum van geskiedenis te plaas nie (McNay 1994:88). McNay (1994:89) verwys hier na Rabinow se bespreking van Foucault se werk waarin hy meen dat geskiedskrywing binne die logika van identiteit plaasvind. Dit impliseer dat geskiedenis op narcistiese wyse gelees

word om 'n mens se huidige gevoel van identiteit te herbevestig. Enige moontlik ongemaklike bewustheid van andersheid word onderdruk. Dit is van toepassing op die Suid-Afrikaanse geskiedenis, aangesien daar in die verlede 'n baie eensydige beeld van die land se geskiedenis gegee is. Sommige groepe is op voetstukke geplaas terwyl ander as minderwaardig voorgestel word. Die implikasies hiervan vir identiteitsvorming spreek vanself.

2.5 Diskoers en identiteit

Met die oorgang van die klassieke tot die moderne episteme het die status van taal ook 'n transformasie ondergaan. Volgens McNay (1994:60) het Foucault aangetoon dat die gebruik van konsepte nie altyd logies aan mekaar verbind kan word nie en dat daar altyd konsepte voorkom wat heterogeen en selfs onversoenbaar is met ander konsepte in 'n bepaalde veld. Verder het hy die idee van 'n tema as 'n eenheidskeppende beginsel in twyfel getrek omdat dieselfde tema in verskillende diskursiewe formasies mag voorkom, terwyl temas wat mekaar weerspreek in dieselfde diskoers gebruik kan word (McNay 1994:67). Foucault (1972:65) sê byvoorbeeld 'two objects, or two types of enunciation, or two concepts may appear, in the same discursive formation, without being able to enter – under pain of manifest contradiction or inconsequence – the same series of statements', en verder: 'Even if a sentence is composed of the same words, bears exactly the same meaning, and preserves the same syntactical and semantic identity, it does not constitute the same statement if it is spoken by someone in the course of a conversation, or printed in a novel; if it was written one day centuries ago, and if it now reappears in an oral formulation' (Foucault 1972:100).

Hierdie siening van Foucault asook sy siening dat mag en sosiale verhoudings in 'n bepaalde era bepaal wat gesê en wat nie gesê mag word nie (McNay 1994:75) kan ook deurgetrek word na identiteitsvorming, omdat mense in hulle verhoudings met die Ander, maklik verskillende betekenis aan konsepte kan heg wat kan lei tot 'n misplaaste siening van die Ander en ook die Self. Hierdie mening word ondersteun deur McNay (1994:75) wat sê: 'the process through which hegemonic social relations are achieved and maintained often involves

the stabilisation of discursive relations and the fixation of meaning. The construction of racial or sexual identity through the “stereotype” exemplifies such processes of fixation.’ Dieselfde gedagte word by Sarup aangetref. Sarup (1996:73) redeneer na aanleiding van Foucault se mening oor veranderende diskoerse dat daar nie so iets soos ’n universele identiteit kan wees nie. Dit lyk vir hom asof elke persoon se identiteit ’n terrein van stryd tussen strydende diskoerse is en in hierdie stryd van diskoerse ‘not only words change their meanings, but identities also’.

2.6 Dissipline, straf en identiteit

In sy publikasie *Discipline and punish* wat in 1975 verskyn het, beskryf Foucault die verskeidenheid van dissiplinêre maatreëls sedert die sewentiende eeu. Hy ondersoek die ontwikkeling van ’n dissiplinêre samelewing as geheel. Dissipline is volgens Foucault (1977:137–38) veral deur middel van die liggaam uitgeoefen, omdat dit hoofsaaklik beweging beheer het en aktiwiteite aan tydsbeperkings en plek onderhewig gemaak het. Foucault (1977:140; 142; 144 en 147) trek hierdie uitoefening van dissipline deur na skole, die weermag, hospitale en werkswinkels waar die beheer van ’n individu se tyd en spasie ’n gemeenskaplike faktor is: ‘Each individual has its own place; and each place its individual’ (Foucault 1977:143). Dissipline is dus, volgens Foucault, iets wat die individu ‘maak’ en terselfdertyd ‘normaliseer’ (Foucault 1977:183). Dissipline, as ’n prosedure van onderwerping, bind elke individu, volgens Foucault, aan ’n bepaalde identiteit. Hy redeneer dat dit nie soseer is dat die individu deur die sosiale orde verander of onderdruk word nie; dit is eerder ’n geval van die individu wat daarin gefabriseer is. Hy sê dat die tegnieke van dissipline liggame na verskillende plekke en aktiwiteite versprei. Hierdie tegnieke van dissipline het implikasies vir identiteitsvorming, want ‘[t]hey prescribe the body’s movements, impose norms on its activity, watch out for any deviation, and exclude the non-conforming. In these ways, the body is connected with processes of meaning: it is tied to an identity’ (Sarup 1996:73).

2.7 Seksualiteit, psigoanalise en identiteit

Daar is reeds genoem dat mag 'n baie belangrike rol in al Foucault se werk gespeel het. Ook in sy hantering van die seksuele is mag 'n onderliggende konsep. Hy glo dat die idee wat die mens van die seksuele natuur het op sigself 'n produk is van daardie tipe kennis wat ontwerp is om die mens te beheer. Ons aanvaarding dat ons 'n seksuele natuur het, maak volgens Foucault van ons objekte onder beheer, want nou dat ons weet ons het 'n seksuele natuur moet ons dit vind, en dit vereis die hulp van ander soos psigoanaliste, predikante en sosiale werkers.

Foucault het veral aandag gegee aan hoe individue hulself oplei en in 'n mate onderdruk om 'n sekere soort mens te word. Hy skryf oor hierdie praktyk van selfonderdrukking in sy werk *The history of sexuality* in 'n afdeling wat hy 'the repressive hypothesis' noem. Hy beweer dat die preokkupasie met seks juis as gevolg van die onderdrukking van seks is (Foucault 1976:18). Hierdie selfonderdrukking hou baie verband met die idee van die individu wat deur normaliseringsstrategieë beheer word (vgl par 2.3). Hy redeneer ook dat seksuele begeerte in die moderne wêreld beperk word omdat slegs heteroseksualiteit (ook net binne huweliksverband) as sosiaal aanvaarbaar beskou word (Foucault 1976:45). Dit is volgens Foucault 'n sosiale neiging wat mense met enige ander seksuele uitdrukking marginaliseer en in sommige gevalle selfs kriminaliseer (Foucault 1976:38). McNay (1994:97) verduidelik dat dit nie soseer gaan om direkte onderdrukking nie, maar meer oor onsigbare strategieë van normalisering: 'Individuals regulate themselves through a constant introspective search for their hidden "truth" held to lie in their innermost identity. In so far as it is associated with the most intimate knowledge of the self, sexual identity is a linchpin of these normalising strategies. The introspective search for a hidden essence prevents individuals from recognising the essentially "constructed" nature of their sexuality ...'

In latere volumes van *The history of sexuality* fokus Foucault op die 'ethics of the self' (Sarup 1996:77). Hy vra die belangrike vraag: wat is die rol van seksualiteit in die vorming van die self? Seksualiteit is

sentraal in 'n mens se identiteitsvorming. Foucault vra waarom dit so is en hoe 'its forms of being' verander het (Sarup 1996:77). Volgens Foucault het die inprenting van 'n dissipline van selfbeheer in seksuele aangeleenthede 'n soeke na selfkennis tot gevolg gehad. Om sin te maak van eie seksualiteit word in die moderne era beskou as 'n metode om die waarheid in verband met wie ons werklik is, te ontdek (Sarup 1996:85).

3 FOUCAULT EN DIE POSTMODERNISME

In die voorafgaande gedeelte is die postmodernisme reeds vlugtig aangeraak. Meer besonderhede is nodig. Die postmodernisme is volgens Sim (2001:339) 'n wye kulturele beweging wat 'n skeptiese houding inneem teenoor baie van die beginsels en aannames wat die Westerse samelewing se gedagtes en sosiale lewe die afgelope paar eeue gekenmerk het. Dit staan skepties teenoor die outonome rede as die finale grond en laaste toetssteen vir alle waarheid. Die rasionalisme van die Verligting word gekritiseer, met die gevolg dat kennisuitsprake wat aanspraak maak op universaliteit, algemeen-geldigheid en noodwendigheid, bevraagteken word. Die idee dat die wetenskap neutrale, objektiewe kennis voortbring, word dus verdag gemaak. Die verband tussen kennis en mag word veral ondersoek. Rasionaliteit en die poging om alle kennis te begrond, wat kenmerkend is van die modernisme, word as 'n versteekte strewe na mag ontbloot (Van Niekerk 1996:210–211). Postmodernisme verwerp volgens Klages (2003:4) 'n samelewing se meesternarratiewe. Hierdie meesternarratiewe (soos deur Lyotard bespreek) is stories wat elke kultuur vertel oor sy oortuigings en praktyke. 'n Meesternarratief in die Amerikaanse kultuur kan byvoorbeeld wees dat demokrasie die mees rasionele vorm van regeer is en dat demokrasie kan en sal lei tot universele menslike geluk. Postmodernisme is ten gunste van 'mini-narratiewe' eerder as meesternarratiewe. Klages (2003:4) beskryf hierdie mini-narratiewe as 'stories that explain small practices, local events, rather than large-scale universal or global concepts. Postmodern "mini-narratives" are always situational, provisional, contingent, and temporary, making no claim to universality, truth, reason or stability.'

Van Niekerk (1996:210) wys daarop dat kennisverwerwing, volgens die postmoderniste, nie verband hou met 'n soeke na objektiewe waarheid en wysheid nie. Kennis word eerder verwerf deur middel van 'n talige diskoers. Omdat geen talige voorstelling van die werklikheid objektief en onbetrokke kan wees nie, kan daar wel baie stemme onderskei word, maar daar is geen 'ware' voorstelling van die werklikheid nie. In die modernisme was kennis gelykgestel aan wetenskap en is dit as die teenoorgestelde van 'n narratiewe diskoers gesien. Wetenskap-bewese kennis was goeie kennis en kennis bekom deur middel van 'n talige diskoers was sleg, primitief en irrasioneel (en dus met vrouens, kinders, primitiewe en mal mense geassosieer). Kennis ter wille van kennis was die norm. 'n Mens het kennis bekom deur middel van onderwys en die doel was om 'n opgevoede mens te word. In die postmoderne samelewing het kennis egter funksioneel geword. 'n Mens leer dinge nie ter wille van die kennis nie, maar om dit te kan gebruik (Klages 2003:5).

Een van die uitvloeisels van die rasionaliteit van die Verligting, waarin 'n stabiele, selfreflekserende bewussyn in die sentrum van die gedagtes staan, is die soeke na sekerheid (McNay 1994:44). Die ontwrigting van die grense van konvensionele identiteit en die gepaardgaande bevraagtekening van aanvaarde idees van die normale en die natuurlike maak sekerheid egter onmoontlik en is as sodanig tipies van die postmodernisme waarin kortstondigheid, fragmentasie en eindigheid aanvaar word (Sarup 1996:95). Net so het identiteit vloeibaar, hibridies en onseker geraak.

Omtrent alles wat in die voorafgaande drie paragrawe in verband met die postmodernisme gesê is, is herkenbaar in Foucault se werk. Foucault se kritiek teen die rasionalisme van die Verligting soos wat dit in *Madness and civilization* na vore kom, is in paragraaf 2.3 uitgewys, terwyl daar in afdeling 2.1 verwys is na sy poging om sonderlingheid eerder as universaliteit (totaliteit) te beklemtoon. Sy preokkupasie met die verband tussen kennis en mag is in afdeling 2.2 bespreek en daar is veral gewys op Foucault se siening dat kennis tot maguitoefening in die vorm van onderdrukking en kleinering van die Ander gelei het.

Foucault se siening van geskiedskrywing, wat in paragraaf 2.4 bespreek is, is tipies van die postmodernistiese denkpatroon waarin daar geglo word dat daar geen ware voorstelling van die werklikheid – en dus ook nie van die geskiedenis nie – kan wees nie. Die feit dat Foucault deur middel van die argeologiese metode probeer het om ook op minder formele kennis en naïewe opvattinge te steun, is tipies van die postmodernisme waarin wetenskapsbeoefening as 'n konteksgebonde, menslike aangeleentheid met vele tekortkominge beskou word. In *The archaeology of knowledge* het Foucault (1972:21–71) die voortreflikheid van diskoers en diskursiewe formasies beredeneer. Volgens McNay (1994:71–72) was Foucault van mening dat 'a given object of study does not exist anterior to discourse but is constructed within discourse'. Hy het ook beklemtoon dat die sosio-ekonomiese werklikheid slegs orde en betekenis kan verkry deur diskoers (McNay 1994:73). Die outonomie van die taalspel blyk uit Foucault se mening dat die gebruik van konsepte nie altyd logies aan mekaar verbind kan word nie. Dié redenasie kan in paragraaf 2.5 gevolg word.

4 IMPLIKASIES VIR DIE PRAKTYK

4.1 Letterkunde-onderrig in Kurrikulum 2005

Onderwys in Suid-Afrika word tans deur Kurrikulum 2005 wat op 'n uitkomsgebaseerde onderrigmodel geskoei is, gerig. Daar is agt leerareas geïdentifiseer en 'n aantal uitkomstes is vir elkeen van hierdie leerareas vasgestel. 'n Paar van die uitkomstes wat vir die leerarea *Communication, literacy and language learning* (Learning Area Committee 1996) geformuleer is, is onder andere:

Learners will be able to

- experience, respond to and enjoy the artistic effects of a wide range of texts with reference to their cultural and social contexts
- critically relate experiences based on texts to their personal lives
- learn from and value different cultures through language
- demonstrate knowledge and understanding of the complex relationship between languages and cultural practices.

Alhoewel hierdie uitkomst in die Nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring gewysig is, is dit nog steeds geldig vir enige letterkunde-onderrig. Leerders word immers dikwels in letterkundige werke met die verhouding tussen die Self en die Ander gekonfronteer. Hulle behoort deur taalonderrig nie net kennis van hulself en hul eie kultuur op te doen nie, maar behoort ook ander kulture te leer ken en waardeer. Die letterkunde klas leen hom uitstekend hiertoe. Omdat leerlinge in die letterkunde klas geleentheid kry om deur middel van literêre tekste hul kennis van menslike ervaring en intermenslike verhoudinge uit te brei, speel dit 'n belangrike rol in die vorming van identiteit. Veral in 'n multikulturele T2-klas, waar die Self en die Ander fisies teenwoordig is, en nie net in die fiktiewe wêreld van 'n bepaalde literêre teks bestaan nie, is deeglike kennis van die Self en die Ander in die eerste plek 'n voorvereiste vir effektiewe letterkunde-onderrig en in die tweede plek 'n belangrike katalisator in die vorming van 'n eie identiteit.

4.2 'n Tekservarende benadering tot letterkunde

Foucault se beklemtoning van die sonderlingheid, in teenstelling met universaliteit (sien par 2.1), hou belangrike implikasies in vir die letterkunde klas. Daar moet aanvaar word dat 'n leser allerlei dinge vanuit sy persoonlik lewe na die teks saambring en dat interpretasies van die teks juis as gevolg van elke leser se uniekheid gaan verskil. Die klem by letterkunde-onderrig moet nie meer val op een (universele) korrekte interpretasie van 'n teks nie, maar wel op die leser se eie ervaring van die teks. Elke leser gaan vanweë sy spesifieke historisiteit en die persepsie wat hy van homself en andere het, 'n spesifieke boek op 'n unieke manier lees. Die betekenis wat aan 'n teks geheg word, mag dus nie afhang van die betekenis wat die onderwyser of die kritikus daaraan heg nie, maar wel van die betekenis wat die leser daaraan gee.

4.3 Deel van sienings met die Ander

In afdeling 1 is aangedui dat die Ander 'n groot rol speel in die ontwikkeling van 'n eie identiteit. Kennismaking met die ander in letterkundige tekste behoort dus met omsigtigheid hanteer te word. Die

teenwoordigheid van die Ander in 'n multikulturele klas kan ook gebruik word om leerders tot dieper insigte te bring. Ten einde leerders geleentheid te bied om kennis op te doen van die Ander se sienings, moet die leerders geleentheid kry om hulle gevoelens oor en interpretasies van 'n bepaalde teks met mekaar te deel. Hierdie kwessie moet aandag kry veral wanneer die onderwyser leerders voorberei en gereed maak vir die lees van die teks en wanneer sy aan hulle die geleentheid gee om hul eerste reaksie op die teks met mekaar te bespreek en te deel. Die verdeling van leerlinge in heterogene groepe word aanbeveel ten einde leerders met hul sienings en stereotipering van die Ander te konfronteer. Onderwysers moet leerders help om aan die hand van die teks meer sekerheid te kry oor hul eie identiteit en om terselfdertyd kennis te maak met andere se identiteit en kultuur. Groter begrip vir mekaar moet deurentyd aan die hand van die teks, maar ook tydens die bespreking van die teks, beklemtoon word.

4.4 Inagnemeing van die leerder se eie siening

Binne die modernisme het die idee van onveranderlike waarhede, meesternarratiewe en een geskiedenis daartoe gelei dat feite aan leerders verkondig is wat hulle nie veronderstel was om te bevraagteken nie. In hierdie opsig kan 'n parallel getrek word met Foucault se siening van mag-kennis en die gevolglike marginalisering van die Ander. Die onderwyser is in die verlede beskou as die bron van kennis en vanweë hierdie kennis is hy bemaagtig om hierdie universele waarhede en feite waaroor hy beskik het, aan leerders oor te dra. Die kind moes dit sonder teësprak aanvaar. Letterkundeonderrig het gevolglik die teks as vertrekpunt gebruik en die rol van die leser by die teks en die leser se ervaring van die teks is geïgnoreer. Daar was een regte interpretasie van 'n bepaalde teks (gewoonlik dié van 'n kritikus) en hierdie intepretasie was wet. Die feit dat daar nie net een waarheid is nie, impliseer dat elke leerder se interpretasie van 'n teks ook aanvaar moet word. Onderwysers moet ook in ag neem dat hierdie interpretasie van tekste in 'n multikulturele klas gaan verskil, omdat leerders die teks vanuit hulle verskillende verwysingsraamwerke

beoordeel. Die implikasie is dat daar in die letterkundeklas baie meer klem geplaas behoort te word op 'n lesergerigte benadering as in die verlede. Alhoewel 'n teksgerigte benadering ook belangrik is, mag dit nie berus op die idee dat daar geen wêreld buite die teks bestaan nie.

4.5 Vorming van 'n geslagtelike identiteit deur middel van letterkunde

Foucault se idee dat 'n mens in die moderne era probeer om sin te maak van jou seksualiteit in 'n poging om die waarheid in verband met jou eie identiteit agter te kom, hou bepaalde implikasies in vir die hantering van geslagtelike aangeleenthede soos wat dit in letterkundige werke voorkom. Die leerder se kennismaking met geslagtelikheid (gender) in 'n boek, kan bepalend wees vir sy eie identiteit, omdat hy sy eie identiteit gaan meet aan en evalueer in terme van die karakters in die boek s'n. Onderwysers behoort dus nie meer van hierdie tema weg te skram nie; dit behoort juis aandag te kry (sonder om moraliserend te wees). Die keuse van boeke is in hierdie opsig belangrik. Die 'normalisering' wat binne die konteks van die letterkundige werk geskied, moet aan leerders uitgewys word en 'n parallel moet tussen die letterkundige werk en die alledaagse lewe getrek word, sodat leerders die implikasies van normalisering vir hul eie identiteitsvorming verstaan.

Agee (1993:166) waarsku dat die uitbeelding van geslagtelikheid (gender) in jeugfiksie dikwels voortspruit uit onbevraagtekende, lankaanvaarde kulturele *aannames* oor wie vrouens is en hoe hulle veronderstel is om op te tree. Vrouens word gevolglik dikwels op stereotiepe wyse uitgebeeld as die swakkere geslag, as versorgers eerder as avonturiers, as diegene teen wie daar opgetree word eerder as diegene wat self optree en as huisvrouens wat afhanklik van hul mans (die broodwinner) is. Omdat lees 'n belangrike invloed op die vorming van 'n jong leser se geslagtelike identiteit het, is dit baie belangrik dat onderwysers hierdie aspekte aan die leerders uitwys en in die klas bespreek.

4.6 Emosionele belewing van 'n teks

Foucault se kritiek op die rasionalisme het segswarede vir letterkundeonderrig. Rasionalisme impliseer dat die mens se rede gebruik word en dat alle ander aspekte van menswees soos intuïsie en emosies nie in ag geneem word nie. So 'n benadering het noodwendig daartoe gelei dat letterkunde in die verlede 'n teksgesentreerde benadering in plaas van 'n lesergesentreerde benadering gevolg het. Die leser se emosionele ervaring van die teks is eenvoudig net nie erken nie. Leerders se emosionele ervaring van die teks en die invloed wat emosies kan hê op sy siening van homself en die Ander moet dus ook aandag kry.

5 SAMEVATTING

Die geweldige preokkupasie met identiteit in die huidige postmoderne era noodsaak 'n nadere beskouing daarvan. In hierdie artikel is daar op Foucault se siening van identiteit gefokus. Identiteit is 'n sosiale konstruk wat opgebou word uit 'n mens se interaksie met andere. Die tweedetaalletterkundeklas bied aan leerders 'n geleentheid om deur middel van die fiktiewe wêreld van die boek meer omtrent hom- of haarself, sy/haar siening van ander, ander se siening van hom/haar en ander se eie sienings te wete te kom. Onderwysers kan dus nie meer op 'n kultuurblinde manier onderrig nie. Kulturele, geslags- en groepsverskille, asook stereotipering kan deur middel van letterkundeonderrig aangespreek word.

BIBLIOGRAFIE

- Agee, J M. 1993. Mothers and daughters: Gender-role socialisation in two Newbery Award books. *Children's Literature in Education* 24(3):165-183.
- Anderson, H en Kasperson, L B (reds). 2000. *Classical and modern social theory*. Oxford: Blackwell.
- Dreyfus, H L en Rabinow, P (reds). 1982. *Michel Foucault: beyond structuralism and hermeneutics*. Harvester press.
- Fillingham, L A. 1993. *Foucault for beginners*. New York: Writers and Readers Publishing.
- Foucault, M. 1971. *Madness and civilization*. Vertaal deur R Howard. Cambridge: Routledge.

- . 1972 (1969). *The archaeology of knowledge*. Vertaal deur A M Sheridan Smith. London: Routledge.
 - . 1977 (1975). *Discipline and punish*. Vertaal deur Alan Sheridan. London: Penguin books.
 - . 1978 (1976). *The history of sexuality*. Vol 1. Vertaal deur Robert Hurley. London: Penguin books.
 - . 1982. The subject and power. In: H L Dreyfus en P Rabinow (reds). *Michel Foucault: beyond structuralism and hermeneutics*. Harvester press. pp 208–226.
 - . 1994. Genealogy and social criticism. In: S Seidman (red). *The postmodern turn*. Cambridge: University press. pp 39–45.
- Gauntlet, D. 1998. *Michel Foucault*. <http://www.theory.org.uk/ctr-fou1.htm>.
- Learning Area Committee. 1996. *Communication, literacy and language learning*. Ongepubliseerde uitdeelstuk.
- Klages, M. 2003. *Postmodernism*.
<http://www.colorado.edu/English/ENGL2012Klages/pomo.html>.
- Lindgren, S. 2000. Michel Foucault. In: H Anderson en L B Kasperson (reds). *Classical and modern social theory*. Oxford: Blackwell. pp 294–308.
- McNay, L. 1994. *Foucault. A critical introduction*. Cambridge: Polity press.
- Pederson, P P. 2000. Our present: postmodern? In: H Anderson en L B Kasperson (reds). *Classical and modern social theory*. Oxford: Blackwell. pp 412–431.
- Sarup, M. 1996. *Identity, culture and the postmodern world*. Edinburgh: Edinburgh University press.
- Seidman, S. 1994. *The postmodern turn*. Cambridge: Routledge.
- Sim, S (red). 2001. *The Routledge companion to postmodernism*. London: Routledge.
- van Niekerk, E J. 1996. Enkele aspekte van die postmodernistiese kritiek teen die modernisme en die relevansie daarvan vir die opvoedkunde. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Opvoedkunde*, 16(4):210–215.